

Liewe vriende

*Jesus is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde*; kyk ook na die konteks van hierdie woorde in Hebreërs. Ons vergeet soms dat, toe ons dissipels geword het, ons in 'n bootjie geklim het. Die bootjie is nie geanker nie en die strand is ver. Daar is nie 'n gerieflike toutjie wat nog aan 'n boomstomp vasgemaak is nie. Dis net Hy en ons en die blou water.

Ek besef vandag dat ons lanklaas 'n gebedsbrief gestuur het. Dankie vir julle toewyding en geduld! Wat hier by ons huis gebeur, hou mens nogal besig en die griep het ook sy tol geëis!

Dus net 'n kort enetjie:

Wat doen ons?

Soms noem ek die woordjie "ons" en dan vra mense, wie is "ons"? Dis nog altyd die hele doel om 'n span medewerkers te wees. Laat ons die Here dank vir elkeen. Daar moet baiekeer ook geleenthede geskep word sodat hulle en hulle gesinne 'n bestaan kan maak - dit bring baie organiseringwerk mee, maar alles het ook 'n wins-kant, geestelik gesproke.

Die volgende dus vir gebed:

- In Gobabis is ons tema "herlewing", met Hebreërs 11-13 as kern-skrifgedeelte.
- Ons het die 50e bestaansjaar van die VGK Gobabis gemeente gevier. Die gemeente-profiel beteken groot uitdagings, in toenemende mate.
- Vandag is sommige San-lede op pad om evangelisasiewerk rondom die dorpie Otjinene te gaan doen.
- Ons maak voorbereiding vir die uitreik van VGK Heidedal Bloemfontein oor 'n maand.
- Die ondersteunings-groep in SA beplan om in Desember hierheen uit te reik. Dankbaar vir wonderlike vriende.
- Bid ook vir uitbreiding van finansiële ondersteuning; die see is woës.
- Ons is baie bly om Jac-Louis en Gijsbertha van Rooyen hier te kan hê; deesdae ook met klein Adam . 'n Baie groot hulp!
- Die mense by Gam roep ons vir 'n besoek.
- Claudius het baie plekke besoek, die mense by Aminuis roep ons vir 'n opvolg.
- Baie dankbaar vir die voortgang van Lig vir die Kinders Stigting en die vennoot Steps for Children. Vandag kry ons twee nuwe vrywilligers uit Duitsland (Rooi Kruis). Oktober verwag ons 'n skole-span uit Duitsland wat kom help om die 10 weeskinder-huisies op te bou.

Vrede-groete

Henk